

Neem ons nog die kerk ernstig op?

The narrow way to heaven is wide enough for believers of every name and denomination – J. C. Ryle

Neem ons nog die kerk ernstig op?

As ons Christene word, is ons nooit alleen nie. Ons word individueel verlos, maar nie vir 'n lewe van selfgesentreerde individualiteit nie. Ons is nou aangenome kinders in God se familie. Ons is aanmekaar verbind in God se nuwe skepping. Hierdie nuwe skepping staan as die kerk bekend.

Wat was God se plan vir die kerk? Kyk hoe Paulus die kerk in Efesiërs aanbied. Hy verklaar eers dat God ryk in barmhartigheid is en ons liefhet (2:4). Hy sê dat hulle uit genade gered is; Dat God ons gemaak het wat ons nou is: *In Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het (2:8 – 9).*

Paulus gebruik nou drie basiese beelde om 'n aspek van hierdie entiteit wat God geskep het te beskryf.

- Die gebou. Op die fondament van die apostels en profete met Jesus Christus as hoeksteen word Jode en nie-Jode saam in een gebou ingebou – *in wie julle ook saam opgebou word as 'n geestelike huis waarin God woon (2:20 – 22).*
- Die liggaam. Soos in die menslike liggaam beheer, integreer en gee die hoof rigting aan die hele organisme. Die kerk is een liggaam onder Christus die

hoof. *So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, sy kerk, soos 'n volgroeide mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus (4:13).* Wat Paulus hier beskryf is koördinasie van almal wat deel van die liggaam is deur God; diversiteit van bediening in die eenheid van die liggaam; onderskeiding van die waarheid en wysheid van God deur die liggaam korporatief.

- Die bruid. Die Bruidegom van die kerk werk om haar, die voorwerp van sy liefde, voor te berei vir die toekomstige heerlijkheid wat Hy vir haar beplan – *sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, heilig en onberispelik (5:25 – 27)*. Die versekering van Jesus Christus se onfeilbare liefde bly 'n voortdurende ondersteuning.

In die Belydenis van Nicea word vier woorde gebruik om die kerk te beskryf:

- Een: 'n enkele globale gemeenskap in en deur en onder Jesus Christus; 'n gemeenskap waarin verskille tussen mense oorkom word.
- Heilig: die kerk is gewy aan/afgesonder vir die aanbidding, gehoorsaamheid en diens aan God.
- Katoliek/algemeen: wêreldwyd. Die kerk is in die wêreld vir die wêreld en met 'n sending na die wêreld.
- Apostolies: egtheid van geloof en doel. Die kerk hou vas aan die leer van die apostels.

Paulus se denke oor die kerk begin by God se groot plan vir die kerk wêreldwyd. Hoe verbind hy dan die kleiner gemeentes met hierdie groter werklikheid van die universele kerk? Vir Paulus is die plaaslike gemeente 'n miniatuur voorstelling van wat die universele kerk behoort te wees. Elke gemeente is deel van die globale gemeenskap.

Jongmense verlaat die kerk

It is so stupid of modern civilization to have given up believing in the devil when he is the only explanation of it – Ronald Knox

Jongmense verlaat die kerk

Jong mense verlaat die kerk. Hoekom? Drew Dyke (*Generation Ex-Christian*) het gaan kyk hoe hierdie groep wat die kerk verlaat het, lyk. Hy noem 'n paar kenmerke:

- Hulle voel die boodskap van die evangelie is te nou – te beperkend.
- Hulle het 'n slegte ondervinding met die kerk gehad.
- Die modernisme het 'n anti-bonatuurlike wêreldsiening gevestig. Dit beteken dat wondertekens, soos in die Bybel opgeteken, onaanvaarbaar is. Daarom wil hulle niks met wat hierdie tekens as die “Bybelse waarheid” beskryf, te doen hê nie.
- Mense speel vandag rond met verskillende vorme van spiritualiteit.
- Baie van hulle is geestelike rebelle wat op hulle outonomie aandring.
- Sommige het maar net stadig al verder van die kerk af weggedryf.

Mense het nog altyd die kerk verlaat, maar die getal kerkverlaters is besig om toe te neem. Hoekom verlaat hierdie jongmense die kerk. Christian Smith sê dit is as gevolg van *moralistic therapeutic deism*. Sjoe! Wat beteken dit?

- *Moralistic* – God wil hê dat sy kinders hulle goed moet gedra
- *Therapeutic* – God wil hê dat sy skepsels goed oor hulleself moet voel

- *Deïsm* – God bestaan wel, maar is nie betrokke by die lewens van mense nie.

Baie teoloë voel dat hierdie jongmense nie werklik Christene is of was nie – altans nie volgens aanvaarde Bybelse/teologiese definisies nie. Hoe het dit gebeur? Hulle is nooit die evangelie van Jesus Christus geleer nie – nie in die ouerhuis en nie in die kerk nie. In baie kerke is daar vandag 'n afwesigheid van Bybelse/evangeliese prediking. Dit lei tot 'n geslag wat grootgeword het met moralistiese, terapeutiese deïsme.

Lewe in die Kerk

The truth of the matter is that you always know the right thing to do. The hard part is doing it. Norman Schwarzkopf

Lewe in die Kerk

Ek gaan heelwat blogs oor dissipelskap skryf. Ek gaan onder andere van Francis Chan se boek *Multiply* gebruik maak.

Die Westerse kultuur lê klem op die individu. Ons helde is sterk manne wat selfversorgend is – hulle loop alleen. Dieselfde gebeur ook in die kerk. Elke individu moet Jesus Christus se opdrag om Hom te volg, gehoorsaam, maar ons kan Hom nie as individue volg nie. Ons kan nie dissipels los van Jesus Christus se kerk maak nie. Kyk net na al die *mekaar* stellings in die Nuwe Testament. Ons kan nie sê dat ons Jesus Christus volg as ons sy kerk verwaarloos nie. Hy het sy roeping aan sy kerk toevertrou.

Ons kan nie God se kerk verkleineer nie. Die kerk is nie 'n sosiale klub of 'n gebou of 'n opsie nie. Die kerk is God se strategie om die wêreld te bereik – geen Plan B nie. Ons is so geneig om aan geboue en programme te dink as ons van die kerk praat. Wat vir God belangrik is, is ons interaksie met mense wat Hy op ons pad geplaas het.

In die Bybel word 114 keer na die kerk verwys – in meer as 90 gevalle verwys dit na die plaaslike gemeente en nie na die globale kerk nie. Hoekom leef ons dan so graag los van die kerk?

- Ons vertrou op onself; ons is selfversorgend. Ons hou nie van wedersydse interafhanklikheid nie; nog minder van aanspreeklikheid teenoor mekaar.
- Ons is op soek na die volmaakte kerk. Ons loop van die een na die ander kerk en is elke keer teleurgesteld. Daar is nie 'n volmaakte kerk bestaande uit volmaakte lidmate nie.
- Ons het in die kerk seergekry.
- Ons sien geen rede om aan die plaaslike gemeente verbonde te wees nie.

Die Bybel sê dat die plaaslike gemeente belangrik is. Daar kry ons leiers wat ons in sy woord onderrig – God het ons opdrag gegee om in plaaslike byeenkomste te vergader waar God se woord verkondig word, die nagmaal gebruik word, nuwe gelowiges gedoop word, waar ons mekaar bemoedig en vir mekaar bid. Daarna versprei ons en deel die evangelie met ongelowiges. 'n Dissipel wat dissipels maak, wy sy lewe saam met ander medegelowiges aan 'n gemeente. Dit is waar ons saam met ander gelowiges kan groei en mekaar liefhê – waar ons ons liefde vir God en ons naaste kan uitleef.

Die groot opdrag en die kerk

I gave up all for Christ, and what have I found? Everything in Christ – Johannes Calvyn

Die groot opdrag en die kerk

Ek gaan heelwat blogs oor dissipelskap skryf. Ek gaan onder andere van Francis Chan se boek *Multiply* gebruik maak.

Jesus se opdrag aan sy dissipels in Matteus 28:19 – 20 geld nie net vir leraars en sendelinge nie – dit geld vir my ook. Lees ons Handelingte sien ons dat al God se kinders saamwerk om sy opdrag uit te voer. Hulle reik uit na die mense om hulle; hulle vra die mense om Jesus Christus te volg; hulle leer hulle; hulle gehoorsaam alles wat Hy hulle geleer het; hulle doop die mense. Dissipels maak dissipels. Hulle het Jesus se opdrag letterlik en ernstig opgeneem. Die gevolg is dat die evangelie gou oor die destyds bekende wêreld versprei het.

Is die maak van dissipels nog vir die kerk belangrik? Moet vandag se kerk dalk iets anders doen – 'n ander opdrag kry? Hoekom doen die leraars en betaalde amptenare vandag al die werk in die kerk? Die lidmate woon eredienste by, sit iets in die kollektebord en gaan huis toe – geïnspireerd en gevoed! Meeste lidmate weet nie meer hoe dit lyk om dissipels te maak nie.

Een van die groot probleme is dat gemeentes op programme fokus. Ons het 'n program vir alles wat ons doen. Maar om dissipels te maak, is meer as net 'n program – dit is ons lewensroeping. Dissipels maak dissipels. Hoe lyk dit in die praktyk? In die Groot Opdrag is daar vier belangrike woorde: gaan, maak, doop en leer. Baie eenvoudig. Ons het beslis nie 'n groot geleerdheid nodig om dit te verstaan nie; dit is beslis nie iets wat net 'n leraar kan doen nie. Die probleem

is dat die praktyk nie so eenvoudig is nie.

Die proses van dissipels maak kry ook nooit klaar nie. God bring voortdurend nuwe mense en nuwe geleenthede oor ons pad. As hierdie nuwe dissipels uitgaan, beteken dit nie die einde van die verhouding nie – aanmoediging en rigtinggewing is nog altyd nodig. Ons moet egter bereid wees om die geleenthede aan te gryp en bereid wees om in die proses 'n prys te betaal: *As die wêreld julle haat, onthou: Hy het My voor julle gehaat ... As hulle My vervolg het, sal hulle julle ook vervolg* (Johannes 15:18 – 20). Dissipels maak dissipels: maklik om te verstaan, duur om te implementeer.

As ons opdrag is om dissipels te maak, hoe moet ons dit doen? Daarna kyk ons volgende keer.